

Woorde

1. my woorde het nie die krag
2. om borse magte tot 'n val te bring nie
3. my woorde kan bloot sing

4. my woorde is nie 'n dak
5. om onder te skuil nie
6. my woorde is swak

7. my woorde kan nie keer
8. dat ons die kromme note haal nie
9. my woorde is kaal

10. glo tog
11. my woorde het nie die byt
12. van koeëls en grofgeskut nie
13. nee
14. my woorde kan bloot bid
15. en pleit
16. en wens
17. medeburgers van die lewe
18. dat ons van grense sal vergeet
19. en bloot mens sal wees
20. en medemens

Vincent Oliphant

Stylfigure in gedigte

Stylfiguur	Voorbeeld	Verduideliking
Alleenplasing	Reëls 10, 13, 15, 16, 20.	Woorde of sinsnedes word alleen geplaas om dit te beklemtoon.
Alliterasie: (ook stafrym)	"t" in reël 2, "s" in reël 18,	Opeenhoping van konsonante of beginklanke.
Apostroof	Die hele gedig is gerig aan almal in die samelewing.	Die tegniek om iemand in die gedig direk aan te spreek.
Enjambement.	Die hele gedig het geen leestekens nie.	Die een versreël loop oor na die volgende een sonder leestekens.
Eufemisme	Die hele gedig.	Stel iets sagter as die harde werklikheid vir wat dit is.
Herhaling / Repetisie	Reëls 1, 3, 4, 6, 7, 9, 11, 14.	Woorde of versreëls word herhaal om 'n bepaalde effek te kry.
Klimaks en antiklimaks:	Die laaste drie reëls.	Feite word stygend belangriker of mider belangrik.
Konnotasie / Figuurlik	Reël 11.	Die figuurlike gebruik van die woord.
Kontras / Paradoks	Reëls 1 tot 11 met reëls 13 tot 20.	Twee uiterstes word teenoor mekaar gestel.
Metafoor	Reël 8.	'n Ander betekenis aan iets gee. Dit is soos 'n vergelyking maar die woorde "soos", "nes" en "net soos" is NIE daar nie.

Personifikasie	Reëls 2, 3, 6, 7, 11, 14, 15, 16.	Lewelose dinge of diere kry menslike eienskappe.
Polisindetoon:	Reëls 15 en 16.	Voegwoorde word herhaal.
Rymtipe in die gedig	Vryerym.	Woorde van rym nie, daar is nie 'n definitiewe rymskema nie.

Vrae:

1.1. Hoekom is daar geen hoofletters in die gedig nie? (1)

1.2. Pas Kolom A by Kolom B. (4)

Kolom A		Kolom B	
Die digter sê...		Die digter bedoel..	
1.	my woorde het nie die krag om bese magte tot 'n val te bring nie my woorde kan bloot sing	A	Ek kan mense met my woorde beskerm nie.
2.	my woorde is nie 'n dak om onder te skuil nie my woorde is swak	B	My woorde kan nie mense forseer om dinge te doen nie.
3.	my woorde kan nie keer dat ons die kromme note haal nie my woorde is kaal	C	Ek kan nie mense wat lelik is oorreed om nie so te wees nie.
4.	my woorde het nie die byt van koeëls en grofgeskut nie	D	Ek kan nie keer dat mense mekaar seermaak deur wat hulle sê nie.

1.3. Noem vier dinge uit die gedig wat die spreker se woorde nie kan doen nie. (4)

1.4. Haal een woord aan uit die gedig wat aandui dat die spreker se woorde nie sterk is nie. (1)

1.5. Haal een woord aan uit die gedig wat aandui dat die spreker se woorde sonder pretensie is. (1)

1.6. Haal vier werkwoorde aan uit die gedig oor wat die digter se woorde wel kan doen. (4)

1.7. Kies die korrekte antwoord. (1)

Na aanleiding van die woorde wat gekies is in 1.6. gee die digter die woorde menslike eienskappe en dit staan bekend as...

- Personifikasie.
- Metafoor.
- Alleenplasing.
- Ellisie.

1.8. Haal twee woorde aan wat verwys na geweld. (2)

1.9. Haal gedeeltes uit die gedig aan wat eufimisties is vir die volgende: (4)

- Om tirane te vernietig nie.
- Om onder weg te kruip nie.
- Om mekaar te vloek en te skel nie.
- Die verwoesting van wapens nie

1.10. Haal een woord aan uit die gedig wat aandui dat die digter se oplossing eenvoudig en sonder komplikasies is. (1)

1.11. Kies die antwoord wat NIE korrek is nie. (1)

In die laaste twee reëls sê die digter dat...

- a. ons net meslik moet wees.
- b. ons vir ons medemens moet omgee.
- c. ons net kan omgee vir ander as ons menslik is.
- d. ons net vir onself moet omgee.

1.12. Pas Kolom A by Kolom B. (6)

Kolom A		Kolom B	
1.12.1.	Alleenplasing	A	dat ons van grense sal vergeet
1.12.2.	Alliterasie	B	byt
1.12.3.	Herhaling / Repetisie	C	my woorde is kaal
1.12.4.	Klimaks	D	nee
1.12.5.	Konnotasie / Figuurlik	E	woorde
1.12.6.	Personifikasie	F	dat ons van grense sal vergeet en bloot mens sal wees en medemens

Memorandum

1.1. Wat die digter sê is universeel. / Dit raak almal. (1)

1.2. 1 – C, 2 – A, 3 – D, 4 – B. (4)

1.3. om bese magte tot 'n val te bring nie, dis nie 'n dak om onder te skuil nie, die woorde kan nie keer dat hulle die kromme note haal nie en die woorde het nie die byt van koeëls en grofgeskut nie. (4)

1.4. Swak. (1)

1.5. Kaal. (1)

1.6. Sing, bid, pleit, wens. (4)

1.7. A – Personifikasie. (1)

1.8. Koeëls, grofgeskut. (2)

1.9. A – om bese magte tot 'n val te bring nie, B – om onder te skuil nie, C – dat ons die kromme note haal nie, D – my woorde het nie die byt van koeëls en grofgeskut nie. (4)

1.10. Bloot. (1)

1.11. D – ons net vir onself moet omgee. (1)

1.12. 1 – D, 2 – A, 3 – E, 4 – F, 5 – B, 6 – C. (6)